Ki-Deo *Nuusbrief*

JANUARIE 2014

God is Groot

Ek het die afgelope tyd net weereens besef hoe ‘n groot God ons dien! Hy is so awesome en voorsien nog voordat ons gevra het!
Bernadette het verlede jaar gematrikuleer en het sommer baie goed gedoen, en het ‘n A in Kuns behaal en is ons sommer baie trots op haar!
In haar plek het ons vir Lisa (10jr) gekry wat oorgeskuif het van een van ons ander huise. Nie net moet sy nou aanpas in ‘n nuwe huis nie, maar moes sy ook van skole verwissel en ontvang sy nou onderrig in Afrikaans waar sy dit voorheen in Engels ontvang het. Dit was vir my ‘n baie groot bekommernis omrede sy regtig sukkel daarmee en sy al haar klankies van vooraf moet leer in Afrikaans. Ek het die middag nog gesit en wonder wie ek kan kry om haar te kan help toe ‘n vroutjie van Edublocks my kontak en vra om betrokke te raak. En daar voorsien die Here sommer iemand nog voordat ek kon vra vir iemand om vir Lisa’tjie te help met haar oorskakeling van taal en kan sy ook twee van die ander kinders wat ook met sekere goedjies sukkel, help!
Hierdie kinders is darem net Sy oogappels en is dit net so wonderlik om God se hand hierin te kan sien en te weet dat Hy elke treë van elke dag saam met ons stap!
Ons het hierdie jaar 2 matrikulante, wat beteken rokke vir twee, hare, grimering en naels wat gedoen moet word! Weet dat Jesus ook die regte persone sal stuur om ook hul baie spesiale dag te help spesiaal maak!

Ek weet dat die jaar ‘n groot jaar vir Ki-Deo gaan wees en dat ons soos ‘n klein kindjie onvoorwaardelik glo, ons hand in Syne moet plaas en weet dat Hy ons sal lei, die regte mense ons padlangs sal stuur en dat Hy sal voorsien in elke behoefte!
Ons as familie het die afgelope tyd deur ‘n moeilike tyd gegaan met my pa wat ‘n baie aggressiewe melanoom gekry het en nadat dit verwyder was, net weer versprei het. Die wonderwerk hieragter is dat hulle net na sy bestraling opgekom het om vir ons te kom kuier en my pa toe weer siek geword het en toe opgeneem was in die hospitaal waar hulle toe ontdek het dat die melanoom versprei het. Hy kry toe ‘n dokter wat ‘n ‘n spesialis op sy gebied is en wêreldwyd bekend is en ‘n prosedure op hom uitvoer wat niemand in die Kaap sou kon doen nie. Dit nou volgens sy Onkoloog in die Kaap. Die Onkoloog wat my pa het is weer betrokke by ‘n projek waar hulle tans eksperimenteer met behandeling vir mense met melanoma en is die terugvoer tot op hede so positief en kan my pa nou daarby ingeskakel word en gaan hy ook die behandeling wat ongelooflik duur is, gratis kry. Die behandeling voorkom dat die melanoom verder groei en ook dat dit nie verder versprei nie! Is God nie goed nie? Toeval? Nee, ons God sien vooruit en soos my buurvrou vir my gesê het, onthou God is ALTYD goed!
Dus, laat ons onvoorwaardelik begin glo, sien met jou geestesoog die resultaat en weet dat God altyd Goed is!
Mag 2014 vir jou ‘n jaar wees waar jy God se goedheid en guns sal beleef!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

Ons is ook op FB, volg ons daar!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH

Ons is ‘n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Help ons asseblief met die volgende kruide-niersware op ‘n maandelikse basis:

Toiletware
Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Mieliemeel
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Vrugte

Betrokkenheid

Ons het ‘n paar behoeftes die jaar waar mense kan help en betrokke raak en waar ons dringend hulp benodig:

- Toiletware vir ons kinders
- Finansiële hulp vir ons brandstof per maand (ons ry gemiddeld 1 tenk brandstof met die Vito uit per week en dit is net skole toe en terug)
- Naweek– en Vakansie ouers
- Kruideniersware soos per lys hier langsaan.
- Mense wat kan help met huiswerk in die middae (15h00 –17h00)
- Maandelikse finansiële bydraes wat help met lopende uitgawes soos munisipale rekening, kostes vir sielkundiges, medikasie, ens. Dit is maar jou normale uitgawes soos wat elke huishouding het.
- Hulp om koidam af te breek en tuin te maak in die area asook plante.
- Moet buite braai en boma oorbou nadat boom wat omgeval het, alles stukkend geval het.
- Plaveisel moet gedoen word en sementblad onder afdak.
- Dak van stoepkamer moet oorgedoen word.
- Bak van verjaarsdag koeke vir ons kinders, die volgende een wat verjaar is Madelein en sy wil haar tema graag Smurfies hê!
- Nuwe driekwart comforters vir die seuns (2) se kamer.
- Nuwe driekwart comforters vir die jonger dogters (4) se se kamer (Mr Price Home)
- Throws en nuwe kussings vir ons sitkamer
- Matriekafskeid: 2 dogters wat rokke, hare, grimering, naels en bybehore benodig.
- Gebed
- Kan ook ‘n spesifieke kind sponser met toiletware

Ons Kamp die jaar!

Ons neem gewoonlik ons kinders een keer per jaar met vakansie en omrede brandstof en tolhekke so ‘n groot uitgawe geword het, het ons besluit om gedurende die Maart/April skoolvakansie die kinders weg te neem en met hulle te gaan kamp by Buffelspoort. Die tydperk is 9 nagte vir 12 mense en die kwotasie wat ons gekry het is R13 345! Dit is regtig baie duur en kyk ek nou na goedkoper opsies waar ek die kinders kan neem, maar waar hulle ook besig gehou kan word en dit vir hulle lekker sal wees. Maar Buffelspoort is so ideaal en lekker want hulle het al die nodige aktiwiteite! Ek probeer wel kyk of ons by die ATKV kan aansluit om sodoende afslag te kan kry, maar weet nie of daar ‘n vensterperiode gaan wees nie!
Benodig dan ook nog tente en matrassies om almal te kan akkommodeer en dan natuurlik al die kruidenierware wat moet saamgaan saam met al die bederfies! Indien enigeen voel om ons hiermee te help of finansieël ‘n bydrae kan maak, kan julle direk inbetaal in Ki-Deo se rekening: ABSA rek no 10500 40654, Verw: Ki-Deo Vakansie en mail asb bewys vir my na theresag@ki-deo.co.za. Ons tyd is maar min en moet die deposito middel Februarie betaal word!

VERJAARSDAE

Kinders se Verjaarsdae:

2 Januarie: Shawn (14)
20 Januarie: Lisa (10)
4 Februarie : Madelein (12)
21 Februarie: Brandon (14)
27 Maart: Helen (17)
10 Mei: Lucia (11)
6 Junie: Danell (13)
12 Julie: Angelo (15)
9 Oktober : Fransisca (17)
18 Desember: Monique (18)
31 Desember: Moniqe (12)

Benodig hulp met verjaarsdag koeke, cupcakes, ens

Benodig vir die kamp:

Datum: 28 Mrt- 6 April

- Finansiële bydraes
- Kitspappe
- Melk, Suiker, Koffie, Tee
- Koeldranke
- Weense worsies en Ham
- Lekkergoed en chips
- Koekies en beskuit
- Sonbrandrome
- After Sun
- Toiletware
- Tente en Matrassies
- Gazebo
- Pick-a-Pay of Checkers voucher om self kruide-niersware aan te koop

Enige bydrae sal baie waardeer word! Dankie julle!!